

Dinsdag 10 April

Skrifgedeelte: Maleagi 2:13-15; 1
Tessalonisense 4:4-8

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense
4:6-7

Daders van die Woord (2) – Moenie rondloop nie!

Koning Dawid staan in die Bybel bekend vir sy toegewyde lewe. Was dit dan in 'n oomblik van swakheid dat hy gaan kuier het by sy mooi buurvrou Batseba, die vrou van Uria?

Wat hom ook al besiel het om so iets doms te doen, wys dié tragiese geskiedenis (1) hoe maklik dit is om die pad byster te raak en toe te gee aan menslike hartstogte, en (2) dat God sulke dinge straf. Dit moet die Tessalonisense, wat werklik 'n voorbeeldige ge-meente was en van harte na die wederkoms van Christus uitgesien het, ook baie goed weet – en Paulus wys in sy oproep om 'n heilige, toegewyde lewe dan ook spesifiek op die kwessie van *getrouheid in die huwelik!*

God *sien* dit as mense in ontrouheid rondloop! Ontrouheid is moeilikheid soek! As jou regteroog of jou regterhand jou laat struikel, het Jesus in die Bergpredikasje in die ge-deelte oor kuisheid gesê, is dit beter om dié ledemaat af te kap en van jou af weg te gooi. Dis beter as net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel be-land! As Dawid ook maar net sy regterhand wou afkap deur sy onbehoorlike gedagtes oor Batseba summier te stop!

Hoekom het die Here nie meer die offers by die altaar aangeneem nie? Maleagi 2:14 sê: “Dit is omdat die Here *weet* wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is; jy was ontrou aan haar, ontrou aan jou eie vrou, die vrou aan wie jy plegtig trou belowe het.”

God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe!
Sing: Psalm 19:7 (1936)

Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)